Chemists PLUS aptieke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

VERKIESINGSBYLAE BINNE

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

ASPU

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXIV | NOMMER 17 | 10 AUGUSTUS 1979

# Verkiesing op hande



Mnr. Theuns Eloff, hoofverkiesingsbeampte



Mnr. Daan de Kock, onderhoofverkiesingsbeampte



Mnr. Zoks Schwellnus, onderhoofverkiesingsbeampte

**Die SSR-verkiesing vind op Donderdag, 16 Augustus in die boonste groot sitkamer in die Studentesentrum plaas.**

Enige persoon wat lid is van enige onderliggaam of persoon wat op die bestuur van enige onderliggaam of raad gedien het, is stemgeregtig. Die stemreglyste sal 'n week voor die verkiesing ter insae opgeplak word.

Daar word 'n beroep gedoen dat studente vroeg met kom stem. Die stemme sal deur 'n komper getel word. Hoe vroeër gestem word, hoe vroeër sal die uitslag bekend wees.

Die Groot Sweet word op Woensdag, 15 Augustus om 19h30 in die Totiussaal gehou. Hier kry elke student die geleentheid om vrae te vra, om die genomineerdes te leer ken en sy kandidate te kies.

**Klein swete**

Op Maandag, 13 Augustus om 19h30 vind die eerste klein sweet in voorhuis- en Sentrale eetsale plaas.

Karlien, Heide, Over de Voor, Makouvlei, Liberalia en Amajuba se Klein Swete vind in die Sentrale eetsaal plaas en Wag-'n-Bietjie, Vergeet-my-nie, Kasteel, Wanda, Villagers en Klooster in Voorhuis eetsaal.

Om 20h45 beweeg die SSR-kandidate wat in Sentrale eetsaal is na Voorhuis eetsaal en omgekeerd.

Op Dinsdag, 14 Augustus om 19h30 word Klein Swete in Oosterhof-eetsaal en Skuur-eetsaal gehou.

Caput, Hombrè, Uitspan, Heimat en Dinki se Klein Swete is in Skuur-eetsaal en Oosterhof, Klawerhof, Thaba-jäh en Kulu se Klein Swete in Oosterhof-eetsaal.




# STUDENTESENTRUM ONDER SOEKLIG

***Na aanleiding van vrae en klagtes van studente oor die studentesentrum, het mnr. Hans van Zyl, direkteur van dié sentrum, hierdie probleme in 'n onderhoud met Die Wapad bespreek.***

**• Saal vir films**

Op 'n vraag of daar 'n saal in die gebou is waar films vertoon sal word, het mnr. Van Zyl geantwoord dat die ouditorium slegs vir hoogstaande kultuuraanbiedings gebruik sal word, en dus nie vir filmvertonings beskikbaar is nie. Hierdie besluit is geneem op grond van die beswaar dat studente die matte en bekleedsel in die ouditorium sal beskadig. Die projektorkamer in die groot sportsaal is slegs vir afrigtingsdoeleindes beskikbaar. Filmvertonings sal dus steeds in die Totiussaal gehou word.

**• Kroeg en snoekersaal**

Damesstudente wou weet of hulle in die kroeg en in die snoekersaal toegelaat sal word. Volgens mnr. Van Zyl is dames uit die aard van die saak welkom in die kroeg, omdat dit 'n dameskroeg is. Die SSR sal beheer en toesig in die snoekersaal uitoefen, maar damesstudente sal ook hier welkom wees.

**• Gladde vloere**

Die gladde vloere in die sentrum is te wyte aan eksperimente met skoonmaakmiddels, het mnr. Van Zyl gesê. Hierdie toestand sal egter mettertyd verbeter.

**• Betonmure**

Volgens sommige studente skep die ongeverfde betonmure in die sentrum 'n ongewensde, koue atmosfeer. Dit was egter die doel van die argitek om nie dié mure te verf nie, en daarom sal dit só gelaat wood. Plante en kunswerke wat by die argitektoniese ontwerp pas, sal later in die gebou geplaas word. Die bekende kunstenares, Judith Mason, is tans besig met 'n plafonskildery wat beloof om een van die bestes in die land te wees.

**• Ystertrappe**

Die ystertrappe in die gebou is ook deel van die argitek se beplanning, en dit is onwaarskynlik dat daaraan verander sal word, ten spyte van klagtes dat die damesstudente dit ongemaklik vind.

**• Kleurskemas**

Studente het gekla oor die groen stoele in die kafeteria wat nie by die blou pilare buite pas nie. Mnr. Van Zyl het daarop gewys dat ook die kleurskemas deel van die geheelbeplanning uitmaak, en nie verander sal word nie.

**• Stoele buite die kafeteria**

Daar sal binnekort stoele voor die kafeteria geplaas word wanneer die leweransiers die bestelling uitgevoer het.

**• Ligte in die kroeg**

Die lae ligte in die kroeg kan verhoog word indien 'n versoek in hierdie verband ontvang word.

**• Asblikke**

Studente het gevra dat meer asblikke in en om die studentesentrum geplaas moet word. Mnr. Van Zyl het geantwoord dat die asblikke so gou as moontlik ná ontvangs geïnstalleer sal word.

**• Ligte tussen koshuise en die studentesentrum**

Volgens mnr. Van Zyl, is Kampusdienste reeds versoek om beligting tussen die koshuise en die studentesentrum aan te bring.

**• Later speeltye**

Die amptelike speeltyd vir die pluimbal- en muurbalbane sal moeilik later as 23h00 vasgestel kan word, omdat die beligting baie duur is dit moeilik is om daarna beheer oor studente uit te oefen.

**• Reëls in dameskoshuise**

Die reëls in dameskoshuise, veral ten opsigte van sleeptye, sal deur die koshuisbeheerkomitee verander moet word. Die vraag of hierdie reëls kan verander word om aan te pas by die studentesentrum, berus dus op hierdie liggaam.

**• Uitstallings**

Verskeie lokale in die sentrum kan deur gebruikers vir uitstallings ingespan word, solank hulle self die onkostes hieraan verbonde, dra.

**• Skaakbord**

Die skaakbord sal weer geverf moet word, terwyl die Departement Beeldende Kunste die stukke ontwerp.

**• Spuitfontein**

Die spuitfontein sal binnekort in werking gestel word.

**• Daktuin**

Volgens mnr. Van Zyl is die doel van die daktuin dié van 'n wandeltuin, hoewel daar ook sitplekke aangebring is.

**• A la carte restaurant**

Die meubels van die a la carte restaurant sal eers oor twee maande afgelewer word. Aanvanklik sal ander meubels gebruik word. Die restaurant sal van 12h00 tot 14h00, en van 18h00 tot 22h00 oop wees.

**• Onthaallokaal**

Die onthaallokaal langs die kroeg moet nog van meubels voorsien word, maar die lokaal kan reeds gebruik word.

Verenigings wat dit wil gebruik, kan by die spysenier aansoek doen.

**• Lokaalname**

Die sentrum sowel as verskeie ander lokale binne die sentrum moet nog name kry, en die inisiatief van die studente sal waardeer word.



Die Student se Bank.

As student is jy voor in ons boek.

Kyk net na ons dienste vir studente:
Spaarrekeninge
Laekoste-tjekrekeninge
Versekering
'n Studentesakebestuurder wat jou taal praat.
Kom gesels gerus met ons.

Daar steek meer in bankwese by die Professionele Mense.

BARCLAYS

Barclays-Nasionale Bank Beperk • Geregistreerde Handelsbank

JWT J. WALTER THOMPSON 7324/A

# Spektrum 1979



*Die Paryse Koperblaasensemble wat op 13 Augustus in die Konservatorium optree.*

## Plafonskildery van Mason vir Foyer

**'n Plafonskildery vir die foyer van die studentesentrum deur Judith Mason, word in die vooruitsig gestel. Die titel van die skildery is *"The Holy City."***

Die sentrale tema van dié skildery is gebaseer op die grondplan van die stad Jerusalem (die ou stadsgedeelte soos dit vandag daar uitsien) met 'n krans van berge rondom wat die oog binne toe, deur hierdie omlysting heen na die hoogte optrek.

Die hoogte bo die aardse Jerusalem is 'n monochroom goue agtergrondsvlak wat helder verlig sal word.

Rondom die sentrale tema is 'n aantal komplementerende temas, byvoorbeeld 'n kleiner grondplan van Jerusalem met twee bloedspore daar binne-in en paradystonele soos 'n slang, koppe van aartsengele en 'n aantal bome van die lewe.

Die plek waar die skildery aangebring word, is soms van kardinale betekenis. In hierdie verband kan verwys word na die welsprekende voorbeeld van die beeldgroep wat jare gelede voor 'n publieke gebou in 'n straat van Pretoria aangebring is. Die mate van naaktheid van die beelde het soveel aanstoot aan die publiek gegee dat die destydse Minister wat met die saak bemoeid was, die beeldgroep laat verwyder het. Hieruit is vir die onderhawige situasie wysheid te leer.

Die skildery van Judith Mason is bestem om in die foyer van die studentesentrum aangebring te word. Die ouditorium sal, volgens wat verstaan word, nie net vir ernstige, stemmige of gewigtige aangeleenthede gebruik word nie. Studentepret kan dikwels 'n atmosfeer skep wat grens aan die banale en indien dit té "wild" onder so 'n verhewe plafonskildery gaan, sal dit jammer wees. Dit is egter nie 'n rede waarom die aanbring van die skildery by voorbaat nagelaat moet word nie — dan sou die leuse van die PU vir CHO ook moeilik oor alles wat die studente doen, geskryf kan word.

Synde 'n universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, het die PU 'n roeping om die voortou te neem in 'n rigting wat nog betreklik arm is, veral in Suid-Afrika, naamlik die uitbouing van religieuse motiewe in die visuele kunste.

Indien besware van 'n religieus-etiese aard van buite sou kom, kan die owerhede van die PU met die Woord van God en die belydenisskrifte van die kerke, sulke besware rustig onder oë sien.



*Sarel Hattingh en Dawie du Plessis in 'n toneel uit Oorskotjie wat in September deur Thalia opgevoer word.*

## PU SPEEL BRANDENBURG

**Op Sondagmiddag, 12 Augustus speel dosente en studente van die PU die vierde Brandenburgkonsert van Bach in G.**

Die solostemme is dié van 'n viool en twee fluite en die orkes b?staan uit strykers en klawesimbel. Die continuo vir klawesimbel het dikwels 'n gedeeltelik onafhanklike baslyn. Die konsert bestaan uit drie dele naamlik Allegro, Andante en Presto. Dieselfde concertino word deurgaans gebruik. In die buitenste dele gee Bach moeilike, briljante passasies aan die soloviool; die middeldeel, met sy herhaalde tweenootmotief en eggo-effekte, besit 'n bekoorlike naïwiteit.

Plekbesprekings kan voor die naweek by die konservatorium gedoen word.

## Thalia '79 toer goed

**Gemeet aan die groot gehore wat Thalia '79 se opvoerings bygewoon het, kon daar kwalik 'n meer geslaagde toer gewees het.**

Pieter Gouws, voorsitter van Thalia '79 sê die volgende oor Oorskotjie:" Die sukses van Oorskotjie kan slegs aan die lede van Thalia toegeskryf word. Elke lid het onbaatsigtelik sy deel bygedra — al moes daar soms hard gepraat word."

Die eerste vertoning is op Delareyville gelewer. Daarna is plekke soos Kuruman, Vryburg, Hotazel en Upington besoek. Na 'n naweek se feestelikhede het die groep verder gegaan na Prieska, De Aar en Rob Ferreira.

Die lede is orals met ope arms ontvang en met die grootste gasvryheid onthaal. 'n Mens kan die sukses ook miskien meet aan die groot hoeveelheid biltong wat ontvang is. Dit blyk regtig die moeite werd te wees om die opvoering by te woon en Pukke kan gerus die moeite doen om dit vroeg in September by te woon.

## Kenners wil Amateur-kuns bespreek

**By die openingsaand van die jaarlikse salon van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging op 6 Augustus, het prof. August Venter aangekondig dat 'n waarderingsaand in die vooruitsig gestel word.**

By só 'n geleentheid sal verskeie van die werke van plaaslike kunstenaars wat vir die Salon ingeskryf het, bespreek word. Hierdie behoefte het by die kunstenaars self ontstaan.

Die werke sal deur 'n benoemde paneel op 'n informele wyse bespreek word om deur onderlinge kritiek, evaluering, waardering uit monde van alle deelnemers in die werklike behoefte van die nie-professionele en ook die gewone kunsliefhebber te beantwoord.

Die bestuur van die SAKV het tentatief op die aand van 16 Augustus besluit vir die hou van bogenoemde waarderingsaand, sodat persone wat aan die Salon deelgeneem het, by daardie geleentheid hulle werke kan afhaal. Persone wat nie aan die Salon deelgeneem het nie, kan ook aan die bespreking deelneem en van hulle werke saambring.

Belangstellendes moet voor 10 Augustus mnr. Arie Kuijers kontak.

- Op 7 September word 'n uitstalling van tapisserieë deur die Franse kunstenaar Jean Lurcat in die foyer van die Studentesentrum aangebied.
- 'n Versameling van Natalse kunswerke word vanaf 21 tot 28 Augustus in die Kunslokaal van die Frans du Toit aangebied.
- Van 4 tot 14 September bied vier kunstenaresse van die PU, Titia Ballot, Zuanda Badenhorst, Adrienne Viljoen en Nola Strauss, 'n uitstalling in die Uitstallingslokaal van die Frans du Toit aangebied.
- Louis van Heerden stal van 17 September tot 28 September in die Frans du Toit uit.



*Prof. G.M. Ballot, president van die S.A.K.V., het die jaarlikse Salon geopen. Regs op die foto verskyn prof. August Venter. (Foto: Frik Schoeman)*

# Swart sielkundiges te min

**Daar is 'n nypende tekort aan swart psigologiese vakmanne.**

Dit is 'n deurlopende gevolgtrekking waartoe verskeie sprekers by die Sielkunde simposium verlede Vrydagaand gekom het. Die simposium het gehandel oor toegepaste psigologie en die swart Suid-Afrikaner.

Dr. H.F. Swanepoel, senior lektor aan die Departement Psigologie aan die PU, het in sy referaat "Suid-Afrika: 'n Psigologiese laboratorium" daarop gewys dat dit noodsaaklik is dat die terrein van die Psigologie gereëvalueer moet word by die standarisering en ontwikkeling van psigologiese toetse vir ander kulture. Die reëvaluasie, die hertoetsing van psigologiese konstruksie moet deur vakmanne self gedoen word.

Die tekort aan professionele swart vakmanne, en die behoefte aan opgeleide swart sielkundiges, opleidingsfasiliteite en publieke opvoeding oor geestesgesondheid is deur Prof. C.N. Manganyi van die Departement Psigologie aan die Universiteit van Transkei benadruk.

Die Direkteur van Opleidingsbeheer aan die Departement Onderwys en Opleiding, dr. A.B. Fourie, het 'n referaat gelewer oor die praktiese probleme van voorligting in swart skole. Voorligting is 'n spanpoging tussen leerling, onderwyser en skoolvoorligter. Van die spanpoging het egter nog weinig tereg gekom omdat swart onderwysers nie oor die kennis en tegniek van informele inligting beskik nie. Daar word egter in die vooruitsig gestel dat voorligting as skoolvak ingestel sal word, voorligtingonderwysers aangestel sal word, meer aandag aan leerlinge met persoonlikheidsprobleme gegee word en skoolsielkundiges aangestel sal word by swart skole vir Buitengewone Onderwys (dowes, blindes en fisies gestremdes).

Industriële Psigologie sal in die toekoms tot die ontwikkeling en beter benutting van die swarte bydra. Geleenthede word vir swart werkers beskikbaar gestel. Die beskikbaarheid van mannekrag om industriële psigologiese tegnieke te ontwikkel en aan te wend, opleiding en die algehele bestuur van die swart werker te behartig, sal broodnodig wees. Daarom sal institute vir hoër onderwys, die universiteite, meer praktiesgeoriënteerde gegradueerdes in Gedragswetenskappe moet produseer. So sê A. Umlaw in sy referaat "The Black Worker and Industrial Psycology".

J.W. van Mollendorf, die Hoofnavorsingsbeampte van RGN het enkele probleme ten orde van die psigologiese navorsingsterrein vir swartes uitgelig. Die kompleksiteit van die terrein van menslike gedrag en die beskikbaarheid van swart psigoloë bring mee dat die uitwys van navorsingsprioriteite bemoeilik word. Die samelewingsterreine waarop die swart Suid-Afrikaner beweeg, roep om psigologiese navorsing, en dit is die psigoloë se taak om daaraan gehoor te gee.



*Prof. C.N. Manganyi van die Departement Psigologie aan die Universiteit van Transkei besig om dieSielkunde simposium toe te spreek. (Foto: Erik Schoeman)*

# MOSIES OOR ONTUGWET AANGENEEM

Twee mosies rondom die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet is op die laaste dag van die ASB-kongres aanvaar.

In 'n mosie wat ingedien is deur mnre. André van der Walt en Siegfried Eiselen van die Potchefstroomse Universiteit, is standpunt ingeneem téén wetgewing soos tans beskryf word in artikel 16 van die Ontugwet. Die opstellers van dié mosie voel dat die kultuur-identiteit van die verskillende groepe nie só gehandhaaf kan word nie en dit het in die praktyk bewys dat dit nie ontug beperk nie.

Die ander mosie wat deur mnr. Nelus Niemandt van die Universiteit van Pretoria ingedien is en deur die kongres aanvaar is, lui dat enige wet wat huwelike oor die kleurgrens verbied hoogstens van tydelike aard kan wees met die doel om maatskaplike orde te handhaaf.

Daar word ook in dié mosie gestel dat waar wette, soos bogenoemde wat nie meer nodig vir die maatskaplike orde is nie, geskrap moet word.

# SACLA begin van versoening

**Die SACLA-eksperiment was volgens alle standaarde merkwaardig. Die christendom het deur en in Christus baie meer te bied as wat vele twyfelaars mag glo. En tog was SACLA net die begin. Die begin van 'n soeke na vrede deur versoening in Suid-Afrika deur christene wat die uitdaging aanvaar het om vredemakers te wees.**

Die saamwees en saamdink in Christus was nodig, want volgens prof. Dawid Bosh is dit net deur mekaar se wantroue, frustasie, bitterheid, ongeduld en vrees te ken, dat blywende vrede kan kom.

Meeste konferensiegangers het vir die eerste keer in hul lewe werklik van die verskeidenheid binne die liggaam geleer ten opsigte van die lewenswyse, manier van lofprysing en lewensomstandighede waarin verskillende christene deel het. Persoonlike kontak tussen christene was baie verrykend en uiters leersaam. Al hierdie dinge het meegewerk tot 'n nuwe aanvaarding van mekaar as broers en susters in Christus. Dit het ook gelei tot 'n beter begrip van hoe om 'n beter getuie vir Christus te wees in 'n land soos Suid-Afrika met sy groot verskeidenheid kerke, volke en kulture.

Die kerk se taak is ook druk bespreek. Mnr. Abel Hendriks, leier van die Metodistekerk het gesê: "Die kerk kan eenvoudig nie aangaan met sy taak om siele te red en om bekeerdes 'n soort geestelike maaltyd te bied wat laf smaak en 'n betekenislose uitwerking het nie." Prof. Dawid Bosh het daarby aangesluit. Sonder om sy uniekheid prys te gee en politieke oplossings te dikteer moet wat die kerk te sê het betekenis hê in die wêreld waarin ons leef, anders word die kerk "irrelevant en 'n wagkamer vir die hiernamaals".


Praat en leef voluit as christene was een van die deurlopende temas van die konferensie. 'n Calvinis se oë het soms blink geword vir die wyse waarop 'n voortdurende beroep gemaak is op die soewereiniteit van God. Tog moes die gereformeerde steeds die geeste beproef, en die evangelie is soms lelik uit verband geruk. God sou volgens sommiges "aan die kant van die arme en die verdrukte wees".

SACLA het ook sy "grappies" gehad. Meer as 'n honderd mense wat die konferensie bygewoon het, moes ontdek dat hul motors se bande deur regsgesinde skorriemorries afgeblaas is. Maar christene, swart en blank sal nog erger dinge as dit deur rassiste aangedoen word as hulle voortgaan om die veeleisende standaarde van die Woord toe te pas in hul werk vir vrede en versoening in Suid-Afrika.

Ons het mekaar nodig, het elke kursusganger besef, maar ons het mekaar in Christus as voluit-woord-en-daad-christene nodig.

**(Berig saamgestel uit onderhoude met SACLA-gangers en berigte uit die volgende koerante: The Cape Times, Beeld, Rapport, Die Vaderland, South African Digest, Die Transvaler, The Star en The Sunday Times).**


STAANDE TOEJUIGING IN STADSKOUBURG JOHANNESBURG




DIE LAASTE KEER WAT HIERDIE REVUE GESIEN KAN WORD IS . . .

**14 - 18 Augustus**

IN DIE STUDENTESENTRUM

**BESPREKINGS: STUDENTESENTRUM en JOHAN CLAASSENBROERS**

die WAPAD

# JONG BLOED IN SSR

**Slegs vier van die SSR-lede van 1979 het hulle weer vir die 1980-termyn verkiesbaar gestel. Dit beteken dat daar ten minste veertien nuwe SSR-lede gaan wees.**

**'n Verantwoordelike en volwasse stemming is dus soveel te meer noodsaaklik — die massa moet 'n SSR uit hoofsaaklik nuwe persone aanwys wat op SSR-gebied almal onervare is. Daar gaan 'n groot taak op die nuwe SSR rus — juis omdat daar nie baie "oudstryders" gaan wees wat die onervare lede deur die leertydperk kan dra nie.**

**Die groot swete bied die ideale geleentheid vir elke student om die kandidate goed te leer ken. Die desentralisasie van die swete tot vier koshuisswete en een sentrale sweet lei daartoe dat daar genoeg geleentheid en tyd behoort te wees dat elke kieser sy vrae oor die kandidate beantwoord kan kry.**

**'n Mens sou die vraag kon vra of die ongekende belangstelling in die SSR-verkiesing (daar is meer as sestig persone genomineer die gevolg is van Theuns Eloff se ywerige werk die afgelope vyf jaar en veral die drie jaar wat hy SSR-voorsitter was.**

**Die verkiesing sal wys of die belangstelling met die nominasies 'n algemene kampusgevoel weerspieël het. Dit sou jammer wees as 'n lae stempersentasie die teendeel moet bewys.**

**Dit is elke stemgeregtigde Puk se plig om te stem, selfs as u nie volgende jaar meer op die kampus is nie — juis u wat die kandidate ken, moet gaan stem om 'n goeie SSR vir die volgende termyn daar te stel, al gaan u persoonlik nie voordeel daaruit trek nie.**

**Die stembriefies sal reeds gedurende die dag gepons word. Hoe vroeër u dus stem, hoe gouer sal die kaarte klaar gepons wees en die uitslag bekend gemaak kan word. Kiesers moet onthou dat hulle hulleself moet identifiseer — enige vorm van identifikasie soos 'n studentekaart of identiteitsdokument sal aanvaar word.**

# STUDENTESENTRUM BENUT

**Dit gaan tans nog woes in die studentesentrum — die geboortepyne is nog lank nie verby nie. Elke dag duik nuwe probleme op en moet nuwe oplossings gevind word.**

**Verdraagsaamheid moet die wagwoord wees in hierdie oorgangstyd. Die Studenteraad sal alle klagtes en voorstelle van die studente se kant af deeglik moet oorweeg omdat dit die studente se sentrum is. Dit is juis verblydend dat die owerhede soveel klem daarop lê dat die inisiatief, byvoorbeeld met die naamgewing van die studentesentrum, van die studente se kant af moet kom.**

**Die lank wag vir die sentrum het baie van die opgewondenheid laat verflou. Tog was dit vir elke Puk lekker om terug te wees na die vakansie, deur die sentrum te dwaal — of te verdwaal — en te weet dis ons s'n!**

**Dis ons plig en voorreg om te sorg dat ons hierdie sentrum ten volle gaan benut sodat daar nie oor 'n paar jaar gesê kan word dat ons sentrum — soos die Kovsies s'n — 'n wit olifant geword het nie.**

**Die Wapad wil ook langs hierdie weg die Universiteit bedank vir die ywer waarmee die sentrum-bedrywighede aangepak en moontlik gemaak word.**

**Die berig, *Afrikaner staan plek in besigheidstad vol*, wat in Die Wapad van 3 Augustus verskyn het, is deur Gert Gouws van Die HeRAUt in opdrag van ASPU geskryf.**




*"Mev. Thatcher se Lusaka-toespraak oor die Rhodesiese aangeleentheid het duidelik bewys dat verkiesingsbeloftes onbetroubaar is."*

# RAU-REKTOR KRY GROOT TAAK

***— Cobus Visser***

**Daar is reeds veel gesê, geïmpliseer en gespekuleer oor die aanstelling van die gewese rektor van RAU, Prof. Viljoen, as die nuwe Administrateur-Generaal van Suidwes-Afrika.**

Die belangrikste gedagte skyn egter te wees dat prof. Viljoen 'n moeilike en omvangryke taak voor hom het. Dat hy ten volle bewus is van wat op hom wag, is duidelik, maar oor die aard van sy taak kan veel gesê word.

**HOOFMOMENTE**

Ten opsigte van sy taak kan 'n mens die volgende hoofmomente uitsonder:

- Om steeds saam met die betrokke belanghebbendes in die rigting van 'n aanvaarbare bestel, vir ten minste die vyf wesamgte, te werk.

- Om in Suidwes self voort te gaan met die daarstelling van 'n sinvolle infrastruktuur en 'n werkbare burokratiese stelsel.

- Die belangrikste egter, om eenheid onder die bevolking van SWA te bewerkstellig. 'n Eenheid wat gegrond is op wedersydse respek en 'n gees van samewerking. Om dit te bereik, sal hy dus die omstrede skeur in die geledere van die blankes moet herstel.

**VEREISTES**

Vir bogenoemde taak kan 'n mens egter sekere vereistes stel.

- Eerstens moet daar met die nodige spoed opgetree word. Veral ten opsigte van die ekonomie, want op hierdie vlak het daar beslis 'n laagtepunt ingetree. Gesonde belegging vereis egter toekomssekuriteit en dit lei na die volgende twee vereistes.

- Die belangrikste vereiste is objektiwiteit. 'n Definitiewe voorvereiste indien daar eenheid bewerkstellig wil word, nie net onder die blankes nie, maar ook die SWA-bevolking in geheel.

- Derdens kan 'n mens aan die vereiste van objektiwiteit ook eerlikheid en nugterheid koppel. Dit geld veral sover dit die onderhandelinge met die Weste en die VVO aanbetref. *Mev. Tatcher se Lusaka-toespraak oor die Rhodesiese aangeleentheid het duidelik bewys dat verkiesingsbeloftes onbetroubaar is.* Ten opsigte van die konstitusionele ontwikkeling in SWA sal daar 'n groot mate van duidelikheid en eerlikheid gehandhaaf moet word. Veral in die lig van die ligtelike wyse waarop daar van konstitusionele veranderinge in Rhodesië gepraat word. Genoemde vereistes is ook noodsaaklik vir die daarstelling van 'n eenheidsfront teen die aanslag van Swapo, die gemeenskaplike vyand.

'n Mens kan jouself onder omstandighede egter met reg afvra wat die moontlikhede vir die herstel van 'n gees van samewerking op die oomblik is. Het die proses van verwydering tussen die blankes nie reeds te ver gevorder nie en is daar nie miskien te veel dinge gesê wat nie ongedaan gemaak kan word nie?

Die vraag kan ook gestel word of daar nie eerder teruggekeer moet word na die daarstelling van 'n sinvolle konstitusie wat al die etniese groepe tevrede sal stel in plaas daarvan om oor delikate sake wette te maak wat nie net die eenheidsfront bedreig nie, maar in elk geval nie daarin slaag om die druk van buite te verlig nie.

Prof. Viljoen het daarin geslaag om in moeilike omstandighede en in moeilike tye 'n universiteit deur sy belangrikste groeifases te help; mag God hom help SWA ook so te lei.

# *Uit die woord*

"Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie". Gal. 5:17.

Daar is baie teenstellinge in ons wêreld: politieke, sosiale en rasse teenstellings; ook teenstellinge op die gebied van rang en stand, ontwikkeling en besitting, karakter en aanleg. Die verskeidenheid en variasies word so maklik vyandige teenstellinge. Dan bloei haat en hoogmoed, leuen en minagting, jaloesie en wantroue. Die sondige mens trek gedurig skeidslyne deur die samelewing. Hoeveel energie verspil ons nie aan onsuiwer, eiewillige teenstellinge nie? Hoe veg ons nie op fronte waarop Christus nie staan nie? Die pelgrims op die kruistogte was oortuig dat Christus hul opperste generaal is — en so ook die Jesuïte tydens die Inkwisisie. Ja, ons hoef nie net na ander te kyk nie. 'n Sterwende christen, wat sy lewe lank gestry het vir allerlei "beginselsake" het op sy sterfbed uitgeroep: "Hoeveel kostelike energie het ek verspil aan dinge waarvan ek gemeen het dat Christus daaragter staan. Sê aan die mense om seker te maak dat hulle waarlik saam met Christus stry." Laat ons seker maak dat ons besig is met 'n stryd waaroor ons nie berou sal hê nie.

So 'n stryd is die stryd tussen die vlees (ons oue, sondige lewe) en die Gees (wat ons nuwe lewe regeer). Hierdie twee staan volgens Paulus, teenoor mekaar "sodat julle nie kan doen wat julle wil nie." Oor hierdie stryd kan u maar erns maak — dit sal u nooit berou nie. 'n Mens kan nie maar net jou begeertes volg nie. Dit is lewensgevaarlik. Ons wense en begeertes kom meestal uit ons vlees. Ons eerste reaksie is gewoonlik: selfbehoud, eie eer, eiebelang. Die maatstaf is vleeslik en staan teenoor die Gees wat ons nuwe lewe regeer.

Verreweg die grootste deel van ons lewe is instinktief en spontaan. Dit is natuurlik — maar minstens 95ps. daarvan is ook vleeslik. Net soos die evangelie nie na die mens is nie, maar teen ons vlees. Dit is die suiwere teenstelling. Dit maak dwarsdeur ons bestaan skeiding. Waar ons ons ookal bevind: in die huisgesin, in die kerk, in die politiek, in die wetenskap, oral moet ons leef volgens die begeertes van die Gees — die Gees wat Christus in alles wil verheerlik deur Hóm as Redder en Koning te erken en eer.

# SGD goed op dreef

**Die Studentegemeenskapsdiens wil poog om studente bewus te maak van gemeenskapsbehoeftes sonder om die inisiatief uit die hande van die studente te neem.**


So het mnr. Sid Eckley in 'n onderhoud met Die Wapad gesê. Daar word daarna gestreef om studenteverenigings se diens aan die gemeenskap met behulp van finansiële ondersteuning en deskundige advies kontinu aan te bied om sodoende 'n beter diens te lewer. Die SGD sal opleiding verskaf omdat motivering en belangstelling nie voldoende vir sukses is nie.

Die SGD het tot stand gekom op die inisiatief van die SSR. In samewerking met die rektor is 'n beheerkomitee onder voorsitterskap van mnr. Eckley in die lewe geroep. Die beheerkomitee bestaan uit personeel en studente. Die personeel se funksie is om leiding te gee en om kontinuïteit te verseker. Daarom is hulle ampstermyn langer as dié van die studente.

Die SGD sal die studenteverenigings se inisiatief koördineer om diens aan wit, swart en bruin gemeenskappe te lewer. Dienste aan die wittes is meer van sielkundige en taakgerigte aard terwyl die dienste aan die bruin en swart gemeenskappe meer ontwikkelend en opvoedkundig van aard is. Die pasaangestelde sekretaresse-organiseerder, mej. Annemie de Klerk sal 'n belangrike rol speel in die koördinasie van aktiwiteite.

Die primêre bron van inkomste vir die SGD is die Karnavalwinste. Die Administrasie van Kleurlingsake dra ook by en die SGD hoop om ook deur die staat gesubsidieer te word nadat dit as welsynsorganisasie geregistreer het.

Daar sal binnekort 'n inligtingstuk op die kampus versprei word om die dienste van die SGD beter bekend te stel.



*Mnr. Sid Eckley, voorsitter van die beheerkomitee van die SGD. (Foto: Frik Schoeman)*

## Pukkies weer reg vir Intervarsity

**'n Entoesiastiese groep Pukkies beplan 'n verrassing vir vriend en vyand tydens die komende Intervarsity. Die dames, met Karin de Wet as leidster, het met hulle eerste amptelike optrede ná dispatronering, baie goed gevaar. Met 'n heel nuwe optrede het hulle op die Randse Skou in 'n trompoppiekompetisie onder die eerste twaalf geëindig.**

Daar word vir 1980 nuwe kleredrag beplan, en volgens mnr. Du Randt, die organiseerder van die Pukkies, bestaan daar goeie hoop dat hulle 'n borg gaan kry vir onder andere drie stelle klere en vervoer vir die Pukkies. Dit sal gepaard gaan met reklamering vir die betrokke borg.

Die belangstelling is groot en die 33 dames onder die leiding van mnr. Aucamp, oefen gereeld om gereed te wees as die Kovsies opdaag.

• **ASB Ekonomiese Konferensie**

# WERKLOOSHEID VRA ARBEIDSPLAN

**Met 'n geboortegroeisyfer van 3,2% wat die hoogste in die ontwikkelende wêreld is, staar Suid-Afrika hongersnood in die gesig as daar nie dringend aan gesinsbeplanning aandag gegee word nie. Tesame hiermee sit die land met 'n geweldige tekort aan geskoolde arbeid en onrusbarende werkloosheid.**

Hierdie somber feite is onlangs deur mnr. C.W.H. du Toit van Anglo American en lid van die Wiehahn-kommissie en dr. P.C. Schutte, senior dosent in die Departement Ekonomie aan die PU, tydens die konferensie geskilder.

**GEBOORTESYFER**

Dr. Schutte het daarop gewys dat die bevolkingsontploffing in die land dit onmoontlik sal maak om in die jaar 2000 in die behoeftes soos behuising en skole te voorsien.

**OPLEIDING**

Die beste waarborg om genoemde probleme op te los, is opleiding en opvoeding van Suid-Afrikaners. Beide die peil en gehalte van opvoeding in SA wek kommer. Slegs vyftien persent van die manlike blanke bevolking besit grade of diplomas.

Mnr. Du Toit het ook oor hierdie punt gesê dat dit noodsaaklik geword het dat 'n doeltreffende arbeidsplan uitgewerk word.

**WERKLOOSHEID**

Die opleiding van alle bevolkingsgroepe het nou 'n prioriteitsaak geword. Indien daar in die toekoms en selfs binnekort 'n oplewing in die ekonomie kom, sal ons die geleentheid nie sonder geskoolde arbeid kan benut nie. 'n Opset met 'n egalig verspreide geskoolde arbeidsmag tussen alle bevolkingsgroepe is dringend nodig.

Dit was die derde geslaagde konferensie wat die ASB hierdie jaar aangebied het en een wat probleme van omvangryke afmetings bespreek het.

# BEGIN U EIE KROEG

**As jy desnieteenstaande ernstige waarskuwings nie wil ophou om te drink nie, stel Liber Factus hierdie plan voor:**

Begin vandag met jou eie kroeg. Wees die enigste klant en jy hoef nie 'n lisensie uit te neem nie. Gee jou vrou R52,00 om 'n kas whisky te koop. Daar is 360 sopies in 'n kas. Koop jou eie drank van jou vrou teen 30c 'n sopie en binne twaalf dae sal jou vrou R56,00 hê, plus die R52,00 om 'n ander kas te koop.

As jy tien jaar lewe en aanhou whisky van jou vrou koop en jy kom skielik tot sterwe, sal jou weduwee R17 000 in die bank hê (uitsluitende rente), met ander woorde genoeg om die kinders te versorg, die skulde te betaal, met 'n ordentlike man te trou en om te vergeet dat sy ooit 'n swaap soos jy geken het.

# KORT NUUS

## *ACB-Kongres*

**'n ACB-kongres** met die tema "Christenjeug en Gesag" word op 17 en 18 Augustus in die Grootlesingsaal van die Geografiegebou gehou. Toegang vir studente is gratis.

Om 14h15 op Vrydag 17 Augustus sal mnr. Pieter Odendaal en mej. Sanet Lombard oor "Christenjeug en Ouerlike Gesag" praat. Om 16h15 praat dr. Willem de Klerk en mnr. Theuns Eloff oor "Christenjeug en Politieke Gesag". Om 20h00 word 'n paneelbespreking onder voorsitterskap van mnr. Morkel van Tonder gehou oor "So sien ons die Toekoms".

Om 18h00, Saterdag 18 Augustus, praat ds. Dirk Postma en mej. Annemie de Klerk oor "Christenjeug en Kerklike gesag", en om 09h30 praat mnr. Andre van der Walt en prof. Tjaart van der Walt oor "Christenjeug en Akademiese Gesag".

## Ouditorium bied aan

- 14 - 18 Augustus - Alabama
- 27 Augustus - PU-Koor
- 27 Augustus - PU-Koor
- 28 Augustus - PU-Kaners
- 29 Augustus - PU-Koor
- 5 September - Thalia
- 6 September - Kultuurraad (Koor, Thalia, Debat)
- 7 September - Thalia
- 8 September - Repetisie Potchefstroomse Simfonieensemble
- 10 September - PU-Kaners
- 11 September - PU-Kaners
- 12 September - 3 Oktober - Repetisies Dansdrama
- 21 September - Potchefstroomse Simfonie-ensemble
- 4 - 6 Oktober - Dansdrama

## Wit Studente soek kontak

**Vyftig** verteenwoordigers van Afrikaanse en Engelse studenterade het in Kaapstad tydens die studenteleierskonferensie te kenne gegee dat hulle bereid is om sonder voorbehoud met anderskleurige studente in gesprek te tree oor die toekoms van Suid-Afrika.

Die studente het hulle uitgespreek ten gunste van 'n oorkoepelende studenteorganisasie wat alle rassegroepe insluit.

## *SGD BREI UIT*

**Die** Studentegemeenskapsdiens het hul eie kantoor en sekretaresse in die studentesentrum. Mej. Annemie de Klerk is pas aangestel as sekretaresse-organiseerder van die SGD. Studenteverenigings wat belangstel in dienslewering aan ander gemeenskappe moet met haar skakel. 'n Deel van haar taak is *koördinering en Bekendstelling* van aktiwiteite. SGD bied opleiding en finansiële hulp aan verenigings wat gemeenskapsdiens doen.

## Alabama op TV

**Alabama** maak aanstaande naweek weer die jaarlikse televisie-opname.

Die pas afgelope naweek is die klankopnames reeds gemaak. Die revue sal later vanjaar gebeeldsaai word.

# UNIVERSITEITSVERLATERS KRY VOORLIGTING

**Daar sal vanjaar vir die eerste keer 'n universiteitsverlaterskamp gehou word vir studente wat in 1980 tot die beroepswêreld toetree.**

Afgestudeerde studente ondervind veral in die eerste ses tot agt maande nadat hulle tot hul beroepsituasie toegetree het probleme ten opsigte van nuwe roetines, vriendekringe, situasies en omgewings. Die doel van die kamp is dus om die nuwe samelewingsverbande en hul eise aan die universiteitverlater bekend te stel om sodoende maklike aanpassing te verseker.

Verskeie aspekte van die nuwe situasie sal gedek word. Finansiële voorligting oor mediese fondse, pensioen, polisse, kontrakte en begroting sal verskaf word. Aanpassingsaspekte in verband met die werksituasie, roetine en vriendekring sal behandel word. Ook die lojaliteit aan die Alma Mater deur middel van bydraes, beginsels en nuwe situasies sal geskets word. Daar sal ook veral klem gelê word op die rol van die christen in teen die stroom. Voorligting sal ook gegee word aan getroudes en verloofdes oor seksuele aangeleenthede.

# Ideologikabestuur verkies

**'n Nuwe Ideologikabestuur is vir 1980 gekies. Die verkiesing het op Donderdag, 2 Augustus 1979, plaasgevind.**

Henk Stoker is as voorsitter verkies. Die ondervoorsitter is Koos Venter en die sekretaresse is Retha Swart. Peet Vermeulen is as organiseerder/penningmeester gekies. 'n Derde groepsleier sal later gekies word.

Die onderwerpe wat aanvanklik deur die groepe bespreek sal word, is: *christelike vermaak op 'n christen kampus* en *Ontstaan en rigting van die christelike Wysbegeerte.*

Volgens Henk Stoker, voorsitter van Ideologika, is die doelstelling van die vereniging "om deur christelike gesprek die geleentheid aan studente te bied om hulle as christen-jongmense in aktuele sake te verdiep".

Alle belangstellendes is welkom. Hulle word versoek om vorms, verkrygbaar in bussie 75, in te vul.

Die verkiesing is onder toesig van Piet Fanoy, verkiesingsbeampte van Korps gehou.

DIE WAPAD WORD GEDRUK DEUR **PROMEDIA**

# ENGELSE BOIKOT KONTAK

Studenteleiers het van 4-6 Julie 1979 op Stellenbosch gekonfereer om kontak te bevorder tussen alle studentegroepe in Suid-Afrika.

Dit is egter nie bygewoon deur RAU, Wits, Kaapstad en Pietermaritzburg nie. Wits en Kaapstad het geprotesteer teen die optrede van Maties se studenteraad wat uitgawes van hul studentekoerante by die Publikasieraad aangegee het.

Bespreking is gevoer oor die nood van kontak tussen studente, ook anderkleuriges, om konfrontasie en isolasie te vermy. (US).

- Die funksie van studenterade is deur Rhodes gesien as 'n liggaam om verandering te bring.

- Die relevansie van wit politiek (UP) is nou verbonde aan die Nasionale bewind.

- Ras, etnisiteit en identiteit (PU vir CHO) is onderskei: ras is 'n biologiese term vir 'n groep mense met uiterlike kenmerke, terwyl identiteit verbind word aan die kultuur van 'n volk.

- Die rol van Engelse studentepolitiek in Suid-Afrika — hier het die CSA (konserwatiewe Engelse studente) ook gespreek.

## Feminisme

Die studente het saamgestem oor die volgende:

Studenterade moet studentebelange administratief goed hanteer, en ook politieke en sosiale bewuswording verantwoordelik kweek.

Soewereine mag aan slegs een rassegroep verseker nie vreedsame naasbestaan in Suid-Afrika nie. 'n Nuwe bedeling moet deur die demokraties-verkose leiers op gelyke grondslag uitgewerk word.

Veranderinge in Suid-Afrika moet liefs uit 'n magsposisie bewerk word. As veranderinge te lank uitgestel word, sal die blanke rol minder relevant word.

Identiteite slegs bewaar deur wetgewing is onaanvaarbaar.

Alle kultuurgroepe moet saamwerk aan 'n oorkoepelende Suid-Afrikaanse bewussyn met respek vir afsonderlike kultuurstrewes. 'n Suksesvolle politieke stelsel moet alle etniese groepe akkommodeer.

Alle etniese groepe mag vrylik assosieer en sy etniese identiteit orden en bewaar na goeddunke.

Die staat moet hierdie regte duld, maar dit ook op gelykheidsbasis vir die goeie orde reël. Die staat mag nie teen 'n burger op grond van sy etniese identiteit diskrimineer nie.

Die PU vir CHO is verteenwoordig deur Jan-Louis du Plooy, Steinman de Bruyn, Jan Botha, Anne-Marie Jacobs, Sieg Eiselen en Daan de Kock.

## Doop sentrum vir geld

**Die Wapad reël 'n kompetisie om 'n naam te kry vir die studentesentrum. Die SSR loof 'n prys van R30 uit vir die beste voorstel, op voorwaarde dat dié voorstel deur die beheerkomitee as naam van die studentesentrum aanvaar word. Alle voorstelle moet die Wapad voor of op 20 Augustus bereik. Dit sal aan die SSR gegee word, wat dit weer aan die Beheerkomitee sal oorhandig. As daar nie 'n geskikte voorstel is nie, sal geen wenner aangewys word nie.**

Wesvalia Boekhandel

**Tomstraat 84** **Tel. 6660**

*Verskaffers van opvoedkundige boeke en skryfbenodigdhede.*

CERTAIN T SHIRTS

HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS

4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863

Turkstra

BAKKERY

SMAAKLIKE VLEISPASTEIE

## ASPU Hoofbestuur

*Die hoofbestuur van die Afrikaanse Studentepersunie, bymekaar tydens die onlangse konferensie. V.l.n.r.: Agter: Mnre. André Bartlett (Die Perdeby), Jan Bester (Bokvaria), Gerhard Viljoen (Naguil), Gerrie Snyman (Die HeRAUt); Middel: Mnre. Jan Kroeze (voorsitter), Henri Malan (Skerpioen), Izak Retief (Ondervoorsitter), en Albert Hoffmann (sekretaris). Voor: Mej. Mariëtte van der Walt (Die Wapad), Francois Lötter (Irawa) en Michiel Brits (Trompie). (Foto: Thys Hart).*



# ENERGIE ONDER SOEKLIG

**Die huidige energiekrisis beklemtoon die mens se afhanklikheid van natuurlike hulpbronne en die onvervangbaarheid daarvan.**

Só het prof. J.S. du Plessis van die PU gesê tydens die opening van die ASB-natuurwetenskapskonferensie op 28 Julie. Verskeie sprekers het by die konferensie opgetree.

Mnr. D. Menne van die WNNR het 'n referaat gelewer oor stedelike en industriële afval. Hy het gesê afval is 'n belangrike bron wat kan voorsien in die energiebehoeftes van Suid-Afrika. Die afval word gemaal en vergruis en word daarna deur chemiese en biologiese prosesse herwin vir hergebruik. Materiale wat deur hierdie prosesse herwin word, is metaal en plastiek.

Volgens prof. J.J.P. van Wyk van die PU is die energiekrisis vanuit 'n ekologiese gesigspunt gesien, die resultaat van onoordeelkundige benutting en vermorsing van beperkte hulpbronne. Suid-Afrika beskik oor genoeg plantmateriaal om in sy energiebehoeftes te voorsien. Sonenergie word deur groen plante vasgelê in koolhidrate, waaruit etanol vervaardig kan word. Laasgenoemde word tans teen 36 sent per liter uit suikerriet vervaardig.

Prof. J. Dekker van die PU het gesê daar is nie werklik 'n energiekrisis nie, aangesien die land nog oor die honderd miljoen ton aan steenkoolreserwes beskik. In die toekoms sal steenkoolenergie op 'n al hoe groter skaal in die plek van aardolie aangewend word. Navorsing oor die verkryging van petroleumbrandstowwe uit steenkool en plastiekafval lewer belowende resultate.

Dr. J.W.L. de Villiers, direkteur van die Raad op Atoomkrag, het besonderhede oor minder bekende aanwendings van kernenergie gegee. Nuwe tegnieke wat ontwikkel is, is die gebruik van bestraling vir voedselsterilisering, radio-aktiewe spoorders in chemiese navorsing, en vir mediese gebruik. Produksie van radio-aktiewe isotope is ook van groot belang. Die grootste voordeel van kernkrag is dat 'n klein hoeveelheid brandstof 'n enorme hoeveelheid energie verskaf, wat lei tot kostebesparing.

# Engelse Suid-Afrikaners het nie eie Identiteit

- McIntosh by ASB

Die Engelssprekende het nie 'n afsonderlike identiteit soos wat die ASB identiteit omskryf nie. Die Engelssprekende het nie dieselfde beklemtoning van identiteit as die Afrikaner nie, het mnr. Graham McIntosh op die ASB-kongres gesê. Hy is nogtans trots daarop om 'n "gemengde" kulturele agtergrond te hê.

"The English speaker doesn't look for 'volkssoewereiniteit' because he is not a tribe and he also does not see that political power is necessarily a means of ensuring his cultural freedom," het mnr. McIntosh gesê.

## UIT NO. 13

**Briewe moet nie langer as 300 woorde wees nie — anders sal dit verkort word of nie geplaas word nie.**

### Kampganger rapporteer entoesiasties

**Die Redakteur**

"Verbly jou o jongeling in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid, en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë. Maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring." (Pred. 11:9).

Om net weer 'n slag te gaan stilstaan om te besin oor die dinge rondom jou. Om weer te besef hoe nietig elke mens is, dat hy maar net 'n klein deeltjie in God se grote wêreld is, en dat alles vanaf die Gewer kom. Dit laat mens diep stil word en voel hoe die roeping as Christen weer opvlam. Dit het die pas afgelope tweedejaarskamp vir my gedoen.

Die kamp het op 'n hoë noot begin, die gees was goed en die lesings leersaam. Dit het op nog 'n hoër noot afgesluit. Dankie aan Jan en sy reëlingskomitee. Hoe lyk dit met 'n derdejaars-Aktueel kamp?

**Kampganger**

### Grensmanne doen beroep

**Geagte Redakteur**

Na aanleiding van 'n berig in die Wapad van 3 Augustus "Grensmanne waardeer Asterpoging" het ek net gewonder waarom óns wat laas Desember en Januarie grensdiens moes doen nie pakkies van die asters van die PU ontvang het nie. Hulle kan miskien sê hulle was nie hier nie of hulle het nie geweet waarheen om dit te stuur nie, maar met 'n bietjie moeite sou dit wel by ons gekom het.

Dit is nogtans iets goeds wat hulle doen en ek kan hulle ook verseker dat die manne dit meer waardeer as wat woorde kan stel. So "asters van die PU", ons gaan weer die einde van die jaar 'n toer onderneem na die grens en wys nou die manne van die PU wat in julle steek.

**Manne van die PU.**

## POTCH-INRY

Augustus 1979 Tel. 21881

13-18 1ste PLEKKIE IN DIE SON — Jana Cilliers
17-18 2de KILLER COP — Claudia Cardinale
20-21 1ste A GAME FOR VULTURES — Richard Harris
24-25 1ste A GAME FOR VULTURES — Richard Harris
22-25 2de ASHANTI — Michael Caine

# Affikampus INTERUNIVERSITÊRE REDAKSIE

# Witskoshuis dreun Villagers op

**Saterdagoggend het 55 begeesterde Villagers opgetrek na die hoofhek van die PU, waar hulle op die bus geklim het vir die jaarlikse sportdag teen College House, 'n Wits-koshuis. Om ongeveer 09h30 het die bus vertrek.**

Middagete is by Uncle Charlie's genuttig, tot spyte van die bestuur. Daarna is vertrek na College House waar die sokker- en wynspan begin opwarm het.

Na disorganisasie by die sokkerspan is halftyd eers uitgevind daar word slegs met tien man gespeel wat skynbaar tot die nederlaag van 9-2 gelei het. Alle dank gaan aan Sydie vir onderhandelinge met College House se doelwagter.

Die muurbalspan het egter geseëvier, wat 'n uitsonderlike prestasie is omdat muurbal een van Wits se sterker sportsoorte is. Alle dank aan Jim van Zyl, kaptein van die muurbalspan, wat die span tot 'n oorwinning aangevoer het. Villagers het die muurbal met 4-1 gewen.

Die wynspan het nog met 10-8 voorgeloop toe die wedstryd chaoties in duie gestort het. Daar is gerugte in omloop dat College House gaan appelleer na die SA Rugbyraad oor die wedstryd. By die rugby het Villagers se eerste span onverwagte teenstand ondervind. In die eerste minuut het College House 'n skok-drie aangeteken wat nie vervyf is nie. Daarna het Villagers op College House se doellyn geboer, maar kon net nie deurkom nie. Alle eer aan College House se verdediging. College House se span sal homself beslis kan laat geld in ons koshuisliga en daar moet nie gedink word dat dié Engelse nie kan rugby speel nie.

Na die wedstryd is daar na die koshuis verskuif waar die veerpyltjies, snoeker en tafeltennis afgehandel is. Die veerpyltjies is naelskraap met 3-2 verloor wat seker toe te skryf is aan die tuisbord. Die snoeker is met 3-0 verloor wat deur eksterne faktore veroorsaak is. Die tafeltennisspan is deeglik afgeransel deur twee SAU spelers wat tot almal se spyt in College House woon.

Die sport is afgesluit met 'n heerlike braaivleis en die aand is in die G.R. Bozzolisaal afgesluit. Die volgende oggend 08h00 uur het Villagers vaal en moeg na Potchefstroom teruggekeer — oorwin maar nie oorwonne nie.



*Die kaptein van die wynspan arriveer!*
*V.l.n.r. André Maree (met beuel); Sydie; Louis van Wyk; Zak*
*Bo: Bert Sorgdrager (kaptein)*

## AFFIKAMPUS FLITSE

•MATIES

### MINDER TROMPOPPIES

Minder trompoppies en sjampanjenooiens sal dalk bydra om die probleme met bottels, blikkies, gebreekte stoele en oproerige toeskouers te laat afneem, tydens intervarsity. Dié besluit is onlangs tydens samesprekings tussen die rugbyklubs van die Universiteit van Stellenbosch en Kaapstad geneem. Die rugby klubs meen dat rugby die hoofsaak van 'n intervarsity is. Ander dinge wat daarop inbreuk maak, moet bekamp word.

(Berig: Die Matie, Vrydag 27 Julie 1979)

•TUKS

### WESFASADE BEWAAR

Die studenteráad van die Universiteit van Pretoria het hom ten gunste van die bewaring van die Wesfasade van Kerkplein uitgespreek.

In 'n mosie is die SR se dank uitgespreek teenoor die nuwe administrateur van Transvaal vir sy bereidwilligheid om die sloping van die Wesfasade in heroorweging te neem.

Twee argitektuurstudente van die UP het 'n opeluguitstalling op Kerkplein gehou as deel van die "Red Kerkplein"-veldtog. Die uitstalling is deur onder andere professor Anna Neethling-Pohl bygewoon.

(Die Perdeby, Vrydag 3 Augustus 1979)

• UPE

'N ONDERSOEK na die gebruik van die Universiteit van Port Elizabeth se sportfasiliteite op Sondae vir (i) ontspanningsport en (ii) kompeterende sport word deur die studenteraad geloods. Die punt het tydens die onlangse SR-vergadering heftige besprekings uitgelok.

# Koshuis



## Klooster

Klooster word in die laaste tyd gekenmerk deur ongekende moderniserings. In die eerste plek juig die inwoners van Noord, want uiteindelik kan verwarmers en ketels saam aangeskakel word sonder 'n groot vrees vir 'n kragonderbreking. Verder kan die kombuis nou sorg vir Cordon Bleu-disse aangesien daar 'n braaiplaat in die koshuis geïnstalleer gaan word. Daar word ook eersdaags begin om die prehistoriese warmwatertoestelle te vervang met elektriese warmwatertoestelle.

Ná die vakansie het baie mense besluit dat die koshuis nie meer die aangewese plek is om te bly nie. Dit het tot gevolg dat daar nou net twee mense bly in kamers wat vir ses mense geskik is. Daar word gehoop dat die huidige bewoners nou almal finaal hulle sit gekry het.

Klooster se eerste rugbyspan kon nog nie 'n wedstryd hierdie semester wen nie, maar het Hombré verlede Saterdag goed skrikgemaak deur met net 6-0 te verloor. Hombré is op die oomblik die voorlopers in die liga en dit sou 'n groot opskudding veroorsaak het as Hombré verloor het.

Weens al die verkiesings en die tye waarin ons lewe, loop die spanning nogal hoog en vele "aksies" is aan die orde van die dag.



## Oosterhof

'n Aksie met 'n nuwe kleur vind op Donderdag, 9 Augustus in Oosterhof plaas. Die dames kry die geleentheid om hulle talente ten toon te stel hetsy in musiek, sang, naaldwerk of kuns. Die talentaand neem die vorm van 'n programaand aan en na die tyd sal die gaste gesellig saam verkeer oor 'n koppie tee.

Die primarii van al die dameskoshuise sal uitgenooi word om die geleentheid by te woon, en is ook welkom om vriende saam te bring na die skemerkelkie voor die tyd. Later die maand beplan die koshuis 'n damesdag uitsluitlik vir die dames van Oosterhof.



## Vergeet-my-Nie

Vergeet-my-nie het die afgelope week haar sesde verjaardag gevier. Die geleentheid is behoorlik gevier met die dames van die Vergeet-my-nie-koshuise van Tukkies en Kovsies.

Daar is ook kragte gemeet op die sportveld. Die opening van die sokkerwedstryd is waargeneem deur prof. Potgieter, die huisvader met die oorhandiging van die sjampanje aan die onderskeie sjampanjenooientjies.

Die naweek se verrigtinge is Saterdagaand afgesluit met 'n pizza-aand en daarna het Tuks en Kovsies weer die pad huistoe aangedurf



## Caput

Die huidige huiskomitee van Caput het hom dit ten doel gestel om hulle skuld te delg wat in beginsel nog ongeveer R1 600 sou beloop.

Om hul doel te bereik het die huiskomitee onlangs besluit om 'n kompetisie uit te skryf. Die skuld spruit voort uit die onoordeelkundige aankoop van sweetpaktruie en herstelskade van asbespanele waaruit die koshuis bestaan. Daar is aanvanklik probleme ondervind met die kompetisie omdat dit op lotery neergekom het, maar na aanbeveling van die SSR het die huiskomitee ingestem om wysigings aan te bring. Die wedstryd sal nou beoordeel word op grond van die beste slagspreuk.



*Op die foto oorhandig mnr. D. Jacobs (tweede van links), takbestuurder van Saambou-Nasionale Bouvereniging, 'n prysgeld van R750,00 vir die wenners van die Saambou-Nasionale Bouvereniging-koshuisligas aan die PU, aan prof. J.S. du Plessis, Vise-Rektor van die PU vir CHO. Links verskyn mnr. Pieter Groenewald, Voorsitter van die PU-Sportraad, middel mnr. Piet Malan, Sportdirekteur en heel regs prof. Johan Claassen, die nuwe hoof van die PU-sport.*



## Wag-'n-bietjie

Wag-'n-Bietjie se skilpadjie het sy eerste tree in die laaste skof van die jaar gegee. Hierdie treë gaan nog langer word, want in hierdie semester gaan daar nog baie gespeel, afskeid gehou en gewerk word. Om nie te praat van 'n vars HK wat gekies gaan word nie! Onthou dames, kies die "verligtes!"

En siende dat ons Karnaval saam Liberalia en Uitspan gaan hou, het die S-blok op Liberalia besluit en sal in hulle hordes opdaag om met volle oorgawe deel te neem.


# Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.**

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou motor wegspringgereed wil hou - sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting. spesiaal vir PU-studente lag jy heelpad bank toe op sakgelddag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al.
Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots - die beste op Potch, Lombardstraat 42.

**BLOMME, BLOMME, BLOMME:**
Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

**RIETSKRAAL**
Verslank met Shape teen slegs R3,00 per blik by die Bult Apteek beskikbaar. Tomstraat 88. Tel. 5943.

**JEANS DENIM DEN**
Vir mans en dames die grootste verskeidenheid denimjeans, kakieklere en Lee's koortfluweelskeppings in Potch teen die billikste pryse. As ons iets nie het nie, sal ons dit vir u kry, want vriendelike diens is ons leuse. Besoek ons by winkel no. 4. JAYS UITRUSTERS. Tel. 8791. Indiërsentrum.

**TROUKAARTJIES:**
Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Adres: Kerkstraat 77. Kom besoek ons op kantoor tel. 7960. Na-ure 24574.



Mode Bewuste Dames

Antonio, van Maison Hazelette,
(Tel 5570, oorkant Checkers)
is pas terug van 'n kursus in die

Nuutste Haarsny en Kartelings metodes.

Kom vra vir Antonio vir die allernuutste voorkoms teen

Spesiale Studente Pryse




## RUGBY

# PU-1 TOON NUWE GEES — BAIE MOED

**Tydens 'n skitterende wedstryd teen Westelikes Saterdag 28 Julie kon almal sien dat Kovsies vanjaar gaan swaarkry teen die Theo's.**

Met vyf nuwelinge in die span het die Pukke puik vertoon en baie sterk spel gelewer. Dit blyk asof die wiel ten einde laaste vir die PU se rugby begin draai het. Die span het Westelikes met 46/16 oorrompel. André Markgraaff alleen het sestien punte aangeteken, Freddie Schutte het drie drieë gedruk, Zillen Roos twee drieë, Peet Snyman en Christo Grobler elkeen een drie.

Kovsies gaan beslis teenspoed in die ergste graad op die PU-plas teëkom. Die Pukke word gevra om hulle manne te ondersteun, want binne drie weke sal die PU se rugbytrots herstel wees.

# Caput wen net-net

**Op Saterdag, 4 Augustus het Caput tydens 'n baie gelykop-wedstryd teen Over de Voor 19/16 gewen.**

Caput het tydens die eerste helfte vir groot verrassing gesorg toe sy voorspelers amok gemaak het met Overs. Tydens die tweede helfte het Overs weer koning gekraai in die skrums. Tien minute voor die einde van die spel het Caput 16/10 agtergeloop. Vier minute voor die einde was hul nog met drie punte agter. Gedurende die doodsnikke van die wedstryd het Caput 'n skrum op sy eie doellyn gewen en met 'n puik agterlyn-beweging 'n drie onder die pale gaan druk. Hierdie drie van Willem Engelbrecht was maklik die mooiste drie in koshuisrugby hierdie seisoen.

Wimpie Bosch van Overs het as skopper puik spel gelewer. Deon Barnard het 'n goeie drie gedruk en deurgaans goed vertoon. Johan van Deventer het ook sterk gespeel en ná sy besering het Overs sy afwesigheid sterk gevoel. Trenco Malan se spel was ook van die beste. Overs het hul kanse om te wen weggegooi toe hul eerder 'n drie wou gaan druk, in plaas van om te skop van 'n baie maklike posisie af.

Caput se skopper, Tom Bouer, was vir sy span goud werd. Hennu Venter, Willem Engelbrecht, Eric Kruger en Johannes van den Bergh het vir sterk en opwindende spel gesorg. Dié wedstryd was Pieda se 72ste een in die eerste span vir Caput en "beslis die hardste en moeilikste ooit."

Caput is nou tweede in die koshuisliga met Hombré twee punte voor hulle. Dawie Dup is een punt en Overs twee punte agter Caput. Amajuba en Overs loop nou kop aan kop in die liga.



*Op die foto vind die oorhandiging van die jaarlikse skenking van Kronenbräuleertasse en Kronenbräuoortrektruie van IKB aan die PU-rugbyklub plaas. Teenwoordig by die geleentheid was v.l.n.r. mnre. James Stoffberg, Johan Oosthuizen (IKB), André Markgraaff (PU-rugbykaptein), Barend Kirsten, Piet Brand, Wikkie Burger (Verkoopsbestuurder IKB), Clive Ulyate.*

# SAU UITSLAE

• *NETBAL*

Gedurende die SAU toernooi die pas afgelope vakansie het Leonie Scott, Louise Wessels en Anita Nortjé deurgedring tot die semi-finale proewe vir die Protea netbalspan. Hul was egter nie in staat om die span te haal nie. Die uiteindelike uitslag van die toernooi was soos volg: (1) TUKS, (2) Maties, (3) Kovsies, (4) PUKKE, (5) UPE

• *SOKKER*

Ernstige beserings en onervarendheid het die PU-span tydens die SAU toernooi geboikot. Alhoewel die PU-span tiende geëindig het op die toernooi, het hul byna al hul wedstryde rakelings verloor.

• *DAMESHOKKIE*

Tydens die SAU hokkie toernooi het die PU-span tiende geëindig. UPE en Stellenbosch het tesame die eerste plek ingeneem. Hierdie swak vertoning van die PUKKE word toegeskryf aan die feit dat hulle nie die nodige kompetisie in Wes-Transvaal kan kry nie en ook omdat die oefentye van die span so beperk is. Die PU-span is die enigste universiteitspan wat nog sonder spreiligte moet klaarkom. Dit is dus onmoontlik om van hul te verwag om dieselfde gehalte hokkie te speel as al die ander universiteite met hul meer moderne fasiliteite.

• *o/20 RUGBY*

Die o/20 rugbyspan van die PU het die vakansie besonder goed presteer tydens die toernooi. Alhoewel hul 34/6 teen die Maties verloor het, het hul naelskraap met 16/17 teen UPE verloor. Hul het egter in 'n uitmuntende wedstryd teen SAP met 63/6 as die oorwinnaars weggestap. Die PU-span het Wits ook met 21/10 geklop.

• *GIMNASTIEK*

Die PU-span het die vakansie tydens die SAU toernooi soos verwag is, derde ná TUKS en UOVS geëindig. Hul het egter met groot name in die gimnastiekwe-'reld soos Wits, Natal en Maties afgereken.

• *SAU RUGBY*

André Markgraaf was tydens die vakansie die enigste PU-student wat gekies is om aan 'n Suid-Afrikaanse universiteitespan deel te neem. André het in die SAU rugbyspan teen Zimbabwe-Rhodesië gespeel. Die span het onder leiding van Daan du Plessis met 60/27 teen Zimbabwe-Rhodesië gewen.



*Sakkie van Zijl, kapt. van Amajuba, bars hier deur Drakenstein se manne. Amajuba het die wedstryd 6/0 verloor. Die spel is egter tien minute voor die tyd gestaak.*

# KORTSPORT


**BOERESPORTDAG**

Op Saterdag, 15 September word daar 'n interkoshuisboeresportdag gehou op die Fanie du Toit-Sportterrein. Daar sal 'n wisseltrofee aan die koshuis wat wen, oorhandig word, en 'n massaete sal daarna aangebied word.

**MUURBAL**

•Program vir mans, eerste liga:
15 Augustus — Pukke vs Klerksdorp A op PU-bane.
•Damesliga:
14 Augustus — Pukke vs Vaal Reefs B op Vaal Reefsbane.

# ONTVANG MERIETE TOEKENNING



*Mnr. Jos Sirakis, uitgetrede atletiekafrigter van die PU het op Saterdag, 4 Augustus 'n meriete toekenning van die SAAAU ontvang vir sy diens aan atletiek. Kaptein Sarel Kruger, maj. John Short, Les Barnes, Jan Snyman en Chris van Onselen het ook meriete toekennings ontvang.*

## ATLETIEK

# BORGSKAP VAN ALLIED BOUVERENIGING VIR KOSHUISLIGA

**Vir die eerste keer in die PU se geskiedenis wag daar groot kontantpryse op die eerste vyf koshuise in die interkoshuis atletiekliga.**

Die liga begin op Woensdag, 5 September. Elke koshuis kan vyf atlete per item inskryf waarvan net die eerste drie plekke egter gaan tel. Daar sal 'n A-, B-, C- en D-liga plaasvind. Die A- en B-ligas sal volgens nie-standaard afstande plaasvind terwyl die C- en D-ligas wel op standaard afstande sal geskied.

Hierdie interkoshuis atletiekliga is 'n gulde geleentheid vir atlete om 'n paar randjies vir hul koshuise los te slaan. Verder dien dit as 'n goeie geleentheid om 'n begin te maak in die voorbereidings vir die Dalrymple wat hierdie jaar by Tuks gehou sal word. Alle Pukke moet so lank begin oefen aangesien die atletieksei-soen om die draai lê. Verdere inligting aangaande die interkoshuis-atletiekliga kan by koshuis sportverteenwoordigers verkry word.

# NETBAL-PROGRAM

PROGRAM VIR DIE SUPERLIGA
OP SATERDAG 11 AUGUSTUS:

A. Karlien 1 vs Heide 1 09h00
B. Klawerhof 1 vs Kasteel 1 09h00
Vergeet-My-Nie 1 loslootjie.
Wanda 1 loslootjie.
A. Karlien 1 vs Wanda 1 09h45
B. Vergeet-My-Nie 1 vs Klawerhof 1 09h45
Heide 1 Loslootjie
Kasteel 1 loslootjie.

*Op Saterdag, 4 Augustus het die PU-manshokkiespan 2/2 gelykop gespeel teen Strathvaal, die voorlopers in die Wes-Transvaal liga.*

